No 1421 20 Mei 2018

GEMEENTEBRIEF

Gereformeerde Kerk Pretoria-Alkantrant
Leef vir God • Dien mekaar • Lig vir die wêreld

"Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."
Kolossense 2:14

In die erediens

Baie welkom by vanmôre se erediens. Mag ons saam nader aan mekaar en aan die Here groei. Daar is vandag twee eredienste onder leiding van Ds Dirk Kotzee.

Erediens

Skriflesing: Matteus 3:20-35
Fokus: Matteus 3: 32b-35
Tema: In Christus: een familie wat na mekaar omsien!

Preekskets:

In ons voorbereiding op die viering van die heilige nagmaal, fokus ons vanmôre op een van die onderdele van die nagmaalsformulier. Omdat ons almal in die een geloof deel, het ons deel aan die een liggaam van Jesus Christus.

Dit is 'n element van ons geloof wat ons dikwels vergeet. Ons is nie net eenders in geloof wanneer ons dieselfde lyk en dieselfde doen nie, maar ons is ook een in geloof as ons in ons koning en verlosser, Jesus Christus glo!

'n Eenheid wat ons op 'n besonderse wyse sigbaar maak wanneer ons saam aan die tafel van die Here kom aansit. Wanneer 'n verskeidenheid mense, oud en jonk, man en vrou, arm en ryk aan die selfde tafel kom aansit om te onthou: vir ons almal het Jesus Christus gesterf. Daarom is ons almal in Hom, een familie wat na mekaar moet omsien.

Skriflesing: Matteus 5: 27-30
Fokus: Matteus 5: 28; Heidelbergse Kategismus Sondag 41
Tema: Die sewende gebod: die gawe van liefde wat God binne gesonde grense vir ons gee.

Preekskets:

Jongmense vra dikwels vir my: hoe vêr is te vêr? Watter vlak van intimiteit mag ek as gelowige handhaaf met 'n romantiese vriend of vriendin voor die huwelik? In vanmôre se prediking antwoord die Here hierdie vraag.

Eerste erediens

Ons sing saam:
Toetrede: Psalm 84-1: 1 en 2
Psalm 112-2: 1 en 2
Psalm 32-2: 2 en 4
Psalm 134-1: 4
Skrifberyming 1-3:1-3
Skrifberyming 13-3

Kollektes
Tydens erediens:
Diakonale kas
By die deure:
Borg-'n-Bybel

Diensbeurt
Die kerkraadslede wat vandag aan diens is:

Ouderling:
Mac Botha
Diaken:
Leon van Dalen

Katkisasie toesig
Graad 9

Tweede Erediens
Ons sing saam:
Skrifberyming 2-5: 1 en 3
Psalm 119-2: 19
Skrifberyming 10-2

Gemeente sake

Nuwe intrekkers

Baie welkom aan ons nuwe intrekkers! Ons wil graag kennis maak. Kontak gerus vir ds Dirk by: dirk@gk-alkantrant.co.za of predikant@gk-alkantrant.co.za of skakel hom by 079 305 3297.

Sustersake

Skinkbeurte

Ons drink weer vanoggend saam tee en koffie na die eerste erediens.
Vanoggend is dit die beurt van wyke D6, D7, D8, D9, D10
Volgende Sondag is dit die beurt van wyke D1,D2,D3 en D4
Ons wil asseblief 'n beroep op u doen om te kom help skink wanneer dit u wyk se skinkbeurt is.

Koeksisters

Daar is vars koeksisters in die portaal te koop teen R30 per dosyn.

Fondsinsameling: Hout en vleis

Daar is braaihout beskikbaar teen R40/medium sak en R100/vir 'n groot streepsak. Daar is ook heerlike wildswors en maalvleis beskikbaar teen R75/kg. Wildspastei (medium R50/elk en groot R100/elk), droëwors en biltong is ook beskikbaar. Ná die erediens kan Nico of Marius u help by die motorhuis.

Kerkkantoor

U is welkom om enige tyd met sr Suanita Bakker telefonies of per e-pos te skakel.

Kantoorure vir hierdie week:
Maandag en Dinsdag van 09:00 – 13:00
Donderdag en Vrydag van 09:00 – 13:00

Bevestiging van ampsdraers

Ons het nou al verskeie male die name van broeders Pieter Matthyser, Gerhard Engelbrecht en Brian Chambers as ouderlinge voorgehou, so ook die name van broeder Tjaart Vorster en susters Ingrid du Preez en Magda Coetsee as diakens. Aangesien daar geen wettige beswaar teen enige van die broeders of susters se bevestiging ingebring is nie, sal ons hulle vanoggend tydens die eerste erediens in hulle onderskeie ampte bevestig.

Gemeente aktiwiteite

Bybelstudie

Daar is Donderdagaand Bybelstudie om 18:00 in die konsistorie. Hierdie week behandel ons Galasiërs 5:13-26.

Klub 50

Ons kuier weer heerlik saam om 'n bymekaargooi tafel die 25ste Mei om 12:00. Skryf asseblief u naam op die lys in die portaal as u die geleentheid kan bywoon.

"Sell your cell" fondsinsameling

Die Fondsinsamelingskommissie loods hierdie nuwe aksie. Ons sit almal met selfone, tablet-en skootrekenaars by die huis wat nog in goeie werkende toestand is, maar lankal nie meer benut word nie. Skenk dit asb. vir ons projek!! Ons gaan dit aanlyn verkoop om sodoende fondse vir ons gemeente in te samel. Lees meer hieroor in die bemarkingspamflet op die advertensiebord, of kontak gerus vir sr Suanita Bakker by die kerkkantoor.

Alkantrant Doppermark

Enigiemand wat betrokke wil raak by ons Doppermark, idees het vir stalletjies of produkte wat verkoop kan word op 8

September kan met Sr Anri Kotzee kontak by 071 467 6571 / anri.kotzee@gmail.com

Nagmaalete

Ons vier volgende Sondag die Heilige nagmaal. Vanaf 12:00 eet ons weer heerlik saam onder die bome. Die ete neem die vorm aan van 'n bring en braai. Die Fees-kommissie voorsien die bykosse en die nagereg. Daar gaan ook 'n ekstra spesiale verrassing wees vir ons kinders! Kom kuier dus saam!!

Skryf asseblief u naam op die lys in die portaal neer as u die geleentheid kan bywoon.

Koffiekroeg en Dialoogbediening

Dit het opgeval dat daar nie heeltemal duidelikheid is oor wie kan gaan, waar dit is en wanneer hierdie geleenthede is nie. Derhalwe net 'n paar verklarende aantekenings:

Koffiekroeg:

Vir wie? Alle skoolgaande en selfs universiteit jeug.

Wanneer? Elke week 17:30

Waar? By die koffiekroeg stasie in die konsistorie.

Dialoogbediening:

Vir wie? Enige iemand wat wil. Ons behandel soms moeilike vraagstukke, soms eietydse kwessies en ander kere word die oggend se preek kontekstueel en prakties toegepas.

Wanneer? Elke ***tweede*** Sondag om **16:00**

Waar? In die konsistorie.

Verjaardae

Baie geluk aan almal wat die komende week verjaar. Ons bid julle 'n geseënde en voorspoedige lewensjaar toe.

Sondag 20 Mei	
Wayne Heine	083 252 8211
Corrie Potgieter	012 348 7283
Maandag 21 Mei	
Shayla Kuhn	012 809 2354
Woensdag 23 Mei	
Anel Ligthelm	073 151 8669
Anita Van der Wath	083 542 0138
Jolanda Raath	082 473 2916
Donderdag 24 Mei	
Lulu Van Dalen	082 856 0169
Vrydag 25 Mei	
Malize Jacobs	082 803 0736
Matthys Louwrens	073 836 0752
Cecil Olyn	012 347 3045
Saterdag 26 Mei	
Marelize Taljaard	084 657 0282
Hannes Van Der Walt	072 530 0881

Dagboek

Vandag

20 Mei	09:00	Erediens gelei deur Ds Dirk Kotzee Katkisasie
	10:30	Tweede erediens
	16:00	Dialoogbediening
	17:30	Koffiekroeg

Hierdie week:

Dinsdag	22 Mei	
	19:00	Diakonie vergadering
Woensdag	23 Mei	
	19:00	Ouderlinge vergadering
Donderdag	24 Mei	
	18:00	Bybelstudie
Vrydag	25 Mei	
	12:00	Klub 50

KONTAKBESONDERHEDE

Predikant:
Ds Dirk Kotzee: 012 346 2333 / 079 305 3297,
dirk@gk-alkantrant.co.za

Skriba:
Robert Bakker: 082 322 3203,
skriba@gk-alkantrant.co.za

Administratiewe beampte:
Suanita Bakker: 065 912 5779,
kantoor@gk-alkantrant.co.za

Attes skriba:
Tjaart van der Walt: 083 303 1275, mwnts@mweb.co.za

Kassier:
Johan Erasmus: 084 800 1772,
johan@ebhub.co.za

Webtuiste:
www.gk-alkantrant.co.za

Bankbesonderhede:
GK Alkantrant,
ABSA Rekeningnommer:
540 340 404
Takkode: 334 745.

Diakonie voorsitter:
Brian Chambers: 083 256 6355
bnchambers@gmail.com

Diakonie kassier:
Geert de Jong: 084 686 9161
gdejong@lantic.net

Diakonie bankbesonderhede:
Diakonie Gereformeerde Kerk Alkantrant ABSA
Rekeningnommer: 540 280 339
Takkode: 335-545

Posadres:
Posbus 92
Newlands
0049

Facebook:

Gereformeerde Kerk Alkantrant